



KAMMANUUS

Nommer 298

14 Februarie 2011

'n Publikasie van Onsdorp.com

TOULEIER



Hoekom is my ou volkie se handjies so slap as dit by skryf kom?

So met die deur in die huis se val wil ek net sê hoe lekker dit was om te sien, terwyl ek nog laas Vrydag se laslappies uitstuur, dat daar al klaar 'n inbetaling van R200 inkom. Erna, waar jy ook al is, SKITTEREND! Jy is so 'n mooi voorbeeld vir baie van ons. Een kilogram vleis voed 'n hele YADE-huis se mense op 'n slag. Onsdorp se jongste R3,000-skenking gaan sommer baie help.

Terug hier in Doha. Laatnag en ook maar nuuskierig, tik ek toe mos my naam in op Google. Was ek nou nogal erg verbaas met wat daar als het oor 'n mens gestoor word in die kuberruimte! Gee mens hoendervleis. Ek kry selfs 'n stuk waar ek op 'n vormpie kritiek op die web gelewer het oor ons verblyf in 'n hotel in die Kaap. Pasop dus wat jy kwyttraak, dis nie net op Vleisboek waar jou stories mag rondloop nie.

So loop ek toe ook die twee video's raak van ek en Kamermaatjie toe ons op M-Net se Kwêla verskyn het in 2009. Vir die vrinne en familie wat dit laas gemis het, hier is die skakels. Die eerste een gaan oor die Gautrein.

<http://beta.mnet.co.za/mnetvideo/browsevideo.aspx?ChannelId=1&vid=10579&Search=&CategoryId=37&sortBy=5&CPage=0>

Die ander een is sommer oor ons rondlopery oor die hele aardbol. Vir diegene wat al gewonder het hoe ons lyk en waar ons twee al oral gewerskaf en gewikkel het, kyk gerus. Gebruik net geduld, die goed laai maar effe stadig, jammer.

<http://beta.mnet.co.za/mnetvideo/BrowseVideo.aspx?ChannelId=4&vid=10580>

Gee asb. terugvoering, skokkend of te nie.

Dit bring my by Anita Mathews se besoek aan Doha. Die ete wat gelei het tot laas week se laslappie oor die briefies.

Anita, of Ribs, soos ek haar noem, was een van die eerste intekenaars van **Kammanuus**. En nou agt jaar later, ontmoet ons van aangesig tot aangesig toe sy vir opleiding hierheen moes vlieg uit Johannesburg.

Sy laat weet sommer vooruit hoe mis sy die schwarmas van die kontrei. Anita het 'n paar jaar in Doebai gewerk en omtrent geleef van die goed. Sit ons toe met haar af na die Soeks toe.

Die Soeks is waar dinge gebeur. Dis waar die lewe van die plek is. By so 'n tipiese Midde-Oosterse mark kan jy van valke tot voustoel koop. Speserye tot spoegbakke. Net nie vark of drank nie.

Tussen wit aanmekaar geboude lae dubbelverdiepings – blyplek bo en winkel onder – tussen kronkeleinde stegies en nou straatjies van klipplaveisel is die een na die ander restaurant en straatkafee ingeryg, met tafels buite en binne. Sit en suig die manne en meisies aan die Oosterse borrelpypie rookkanne (wie kan my sê wat mens hulle noem? – die antwoord is elders in **Kammanuus**.)

Terwyl ons die lokale lekkernye met sulke pannekoekplat, dubbellaag, ronde broodjies uit die potjies opvee en amper ons vingers afeet aan die hoender bromkatjies, kom ons uiteindelik by **Kammanuus** en hoekom ons mekaar ken.

Volgens Anita was die doel van die nuusbrieff eers en altyd om ons diasporiese klomp rondlopers te herinner waar ons vandaan kom.

Ons het omtrent elke week vir mekaar geskryf oor ons lief en leed en oor ons wel en ons wee. In Afrikaans. Om ons kultuur agtergrond te naelstring aan ons toekoms hier in Anderkantland.

Deesdae kry ek egter net so nou en dan 'n briefie.

My volkie, my volkie, het jou handjies dan so slap geword?

Wil ons nie meer skryf nie? Kan ons nie meer skryf nie? Is die tyd te min?

Al vra jy ook net dat ons jou oor iets vertel, soos byvoorbeeld meer van die Soeks, wat soek mens daar?

Komaan rusbankrusper, kry daai gat in rat, skryf vir ons.

Hennie en Annabelle Greeff

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS



Kampvuurstories

VREEMDE WETTE

Wêreldwyd het 'n paar vreemde wette op die wetboek gebly.

In AUSTRALIË is dit onwettig om met swart klere, viltskoene en swart politoer op jou gesig rond te loop omdat dit die wapens van 'n klouterdief is.

In TORONTO is dit onwettig om op 'n Sondag motor te bestuur as jy knoffel geëet het.

In ISRAEL mag jy nie op 'n Sondag in jou neus krap nie.



Wie dra die broek?

Jan se pa het hom eenkant geroep voordat hy met Sannie getroud is.

"Laat ek jou iets vertel," sê hy. "Op ons eerste nag saam het ek my broek uitgetrek en vir jou ma gegee en gesê sy moet dit aantrek.

"Sy het gesê dis te groot vir haar, sy kan dit nie dra nie. Toe sê vir haar sy is reg: In hierdie gesin dra ék die broek, en dit sal altyd so wees. En ons het nooit probleme gehad nie."

Op sy wittebroodsnag het Jan dieselfde gedoen: Sy broek uitgetrek en vir Sannie gegee om aan te trek.

"Ek kan nie," het Sannie gesê. "Die broek is te groot."

Jan sê toe vir haar ja, sy moet onthou dat hy die broek dra, en dat dit altyd so sal wees.

Toe trek Sannie haar broekie uit en gee dit vir Jan. "Kyk of jy my broekie kan aantrek."

Jan het probeer. "Nee," sê hy, "ek kan nie in jou broekie inkom nie."

"Presies," sê Sannie. "En as jy nie jou houding verander nie, sal jy dit ook nooit regkry nie."



Die man het besluit om liever 'n gewone perd as 'n volbloed resiesperd te koop, maar hy wou darem eers die

veearts se mening kry.

Hy neem die gewone perd veearts toe vir 'n ondersoek. Toe die veearts klaar is, vra die man of hy met hom sal kan resies jaag.

"Ja," sê die veearts, "en jou kans om te wen is goed."

WYN



Aan al ons lesers wat 'n glas wyn bo 'n bottel water in die hand verkies.

Soos Benjamin Franklin gesê het:

"Daar is wysheid in wyn, en vryheid in bier."

Water is vol bakterie.

In 'n geregleerde studie het wetenskaplikes bevind as ons een liter water elke dag drink, het ons aan die einde van die jaar een kilogram E.coli geabsorbeer - die bakterie in ontlasting.

M.a.w. ons het een kilogram poef ingeneem.

Ons loop nie daai risiko as ons wyn of bier of tekila, rum, whiskey en ander alkohol drink nie want dit is deur 'n proses van kook, filter en fermentasie.

Onthou dus:

Water = poef

Wyn = gesond

Daarom is dit altyd beter om wyn te drink en simpel goed te doen as om water te drink en vol poef te wees.

Nog 'n openbare diens deur Kammanuus.

'n Nigeriese geskenkpakkie

'n Nigeriese familie was dronkgeslaan toe die kis met die oorskot van hul moeder uit die VSA by hulle aankom. Dit was versend deur een van haar dogters. Die dooie liggaam was so vasgedruk in die kis dat die gesig die glasdeksel geraak het. Toe hulle die kis oopmaak, het hulle die volgende brief gevind:

Liewe Broers en Susters

Ek stuur aan julle ons moeder se liggaam om begrawe te word, want dit was altyd haar wens om in haar vaderland begrawe te word. Ek is jammer ek kon nie saamkom nie, maar my verlof is geweier omdat ons 'n tekort aan personeel het.

Julle sal vind daar is in die kis, onder Mama se liggaam, 12 blikkies vis, 10 pakkies Royco sop en 8 blikke Hot Chocolate. Verdeel dit asseblief onder julle. Aan Mama se voete is daar 'n nuwe paar Reebok drafskoene vir Bongani se oudste seun. Daar is ook twee paar skoene vir Emily en Patience se dogters. Ek hoop dis die regte grootte.

Mama dra 6 Amerikaanse T-hemde. Die grootste een is vir Josiah en die ander is vir my nefies. Die twee Levi jeans wat Mama aanhet is vir die seuns.

Die Switserse horlosie wat Rhema vir haar 21ste verjaardag wou hê is aan Mama se linkerarm. Tant Shamma, Mama dra die halssnoer, die oorbelle en die ring wat jy wou hê. Neem ditasseblief. Die 6 katoensokkies wat Mama aanhet moet tussen my tienderjarige nefies verdeel word.

Verdeel alles asseblief regverdig. As julle nog iets nodig het, moet julle laat weet. Papa is deesdae nie baie gesond nie.

Jul liefhebbende suster

Usha

Die Wêreld in Perspektief

As jy die aarde se bevolking krimp tot 'n dorpie met presies 100 mense, sal dit min of meer só lyk in afgeronde getalle:

57 Asiërs

21 Europeërs

14 van die Amerikas

8 Afrikane

52 sal vroulik wees, en 48 manlik.

70 sal nie-wit wees, 30 wit.

70 sal nie-Christene wees, 30 Christene.

6 mense sal 59% van die hele dorpie se rykdom besit, en al ses sal uit die VSA wees.

80 sal in substandaard-huise woon.

70 sal nie kan lees nie, en 50 sal hongerlydend wees.

Daar sal 1 wees met tersiêre opleiding, en 1 met 'n rekenaar.

TOULEIER: Daai borrelpypie se naam is 'n sishapyp.



Uit die wakies



BOB EN DIE BLONDINE

Bob het om 21:58 by 'n sportkroeg ingeloopt, langs 'n blondine gaan sit en saam met haar na die TV gestaar.

Die tienuur-nuus was besig om te begin, en daar was 'n storie en beeldmateriaal van 'n man wat hom voorberei het om uit 'n hoë gebou te spring.

Blondine: "Dink jy hy gaan spring?"

Bob: "O ja, ek wed jou hy gaan spring."

Blondine: "Wel, ek wed jou hy sal nie."

Hulle besluit toe op 'n weddenskap an R100. Die volgende oomblik spring die man en val hom te pletter. Die blondine was baie ontsteld, maar gee haar R100 vir Bob.

Bob: "Nee, ek kan nie jou geld vat nie. Ek het dit reeds op die agtuur-nuus gesien, en ek het geweet hy gaan spring."

Blondine: "Ja, ek het dit ook op die agtuur-nuus gesien, maar ek het nie gedink hy sal dit wéér doen nie."

Bob het haar geld gevat.



Malawi se winde van verandering

In Malawi heers daar 'n debat om mense wat sommer oral winde laat aan bande te lê.

"Die regering het die reg om openbare sedelikheid te verseker en orde in die land te hê," het 'n minister gesê. "Wil jy sien dat mense sommer enige plek in die openbaar poep?"

Hy het gesê na die regeringsverandering 16 jaar gelede het almal gedink hulle is ook vry om die lug te besoedel. Toe Malawi 'n diktatorskap was, was mense bang vir die gevolge, maar nie meer nie.

"As hulle nie hul winde kan inhou nie, moet hulle 'n toilet besoek.

"Jy kan die natuur beheer . . . dit raak 'n oorlas as mense sommer enige plek winde los."

Malawi is 'n konserwatiewe land en het voorheen 'n verbod op mans met lang hare en vroue wat langbroek dra gehad.

MALEMA IN DIE RUIMTE

NASA stuur twee ape en Julius Malema Mars toe.

Net toe hulle deur die atmosfeer gaan roep NASA vir Aap 1 en sê hy moet twee van die drie branders afsit, en hy doen dit.

NASA roep toe Aap 2 en sê hy moet hul rigting verander, en hy doen dit.

Toe alles reg is, roep Malema vir NASA en vra: "Wat moet EK doen?"

NASA antwoord: "Jy hou jou pote van alles af! Jy voer net die Ape!"



Sipho soek hom die job

Sipho het by die kantoor vir werkloses ingestap, reguit na die toonbank gegaan en gesê: "Hallo. Ek soek werk."

"Meneer," sê die man agter die toonbank, "jy kom asof jy gestuur is. Ons het nou net 'n baie ryk man gelys wat 'n chauffeur soek om sy pragtige 22-jarige dogter rond te ry. Jou voertuig is 'n groot swart Mercedes en kry 'n uniform. Omdat jy lang ure gaan werk, is maaltye ingesluit. En een keer per jaar moet jy die jonge dame op 'n oorsese vakansie vergesel. Die salarispakket is R200,00 per jaar."

"Eisj!" sê Siphu, "jy lieg mos nou vir my!"

Die man agter die toonbank sê: "Ja, maar jy het dit begin."



Giggels

Stuur gerus jou giggels aan pos@onsdorp.com

SWAK WENS

Twee boere, Jakob en Hendrik, dryf rond in 'n boot op see. Hulle grawe deur die boot se voorraad en Hendrik ontdek 'n lamp.

Hy vryf die lamp en 'n genie kom uit. Die slegte nuus, sê die genie, is dat daar net een wens is.

Hendrik, sonder om te dink, skree: "Verander die see in brandewyn en Coke!"

Die genie klap sy hande en die see verander in brandewyn en coke.

Die twee sit doodstil en dink. Jakob staar na Hendrik met misnoë.

"Mooi so, Breindood" sê hy, "nou moet ons in die boot pie en tjorts."



AFRIKAANSE ORKESNAME

- Iron Maiden – Yster Ousie
- Joan Armatrading - Johanna Wapenhandelaar
- Bananarama - Piesangmargarien
- Four Jacks and a Jill - Vier Latte en 'n Platte
- Spice Girls – Aroma Slette

RUGBY

Die jong getroude knaap sê vir sy pragtige vroultjie:
"Hiert, jou sexy ding! Kamer toe met jou!"
Sy giggel en antwoord: "O nee, jou stoute kabouter!"
Man: "Nee, ek is ernstig. Die rugby gaan nou begin - weg is jy!"

PORNO

Die vrou was besig om op TV na 'n kookprogram te kyk.
Man: "Vir wat kyk jy na kos-programme? Jy kan mos nie kook nie."
Vrou: "Nou hoekom kyk jy na pornografie?"

ROMANSE

My vrou kla ek is nie meer romanties nie, toe bespreek ek 'n tafel vir twee vir Valentynsaand. Die probleem is, sy speel nie juis snoeker nie...

DRIE INGENIEURS

Drie ingenieurs het in die toilet by die urinale gestaan.

Die eerste een het wasbak toe gestap, sy hande gewas, en die een na die ander papierhanddoekie gebruik om te sorg daar is geen enkele druppel water op sy hande nie.

Hy draai na die ander twee, en sê:
"By BMW is ons baie noukeurig met alles wat ons doen."

Toe die tweede ingenieur sy hande was, gebruik hy elke beskikbare stukkie van die papierhanddoek om sy hande deeglik af te droog.

"By Mercedes-Benz is ons baie deeglik, maar ons is ook geleer om uiters doeltreffend te wees en baie spaarsamig te werk."

Die derde ingenieur het verby die wasbakke reguit deur toe gestap, en oor sy skouer geskree:

"By Volkswagen pie ons nie ons hande raak nie!"

PEDOFIELE

Jy kan sê wat jy wil van pedofiele, maar hulle bestuur baie stadig by skole verby.

ANDY CAPP deur Smythe



Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

Oorspronklike Esmé en Jan resepte

Soos jul kan onthou, het ek wyd en syd gevra vir oorspronklike SO MAAK MENS resepte! Wel, heelwat lesers het vir my tussen hul moeders se boeke begin snuffel en ek het reeds heelparty wonderlike resepte ontvang! Hou ASSEMBLIEF aan met stuur! rethajm@gmail.com

Die resepte reeks uit MY ARGIEF, sal dus nou moet opstaan want ek wil baie graag hierdie OOSPRONKLIKE Esmé en Jan resepte, met julledeel!

Dankie aan JEAN wat die 1979 resepte – waarmee ek hier begin, van haar Mammie ingestuur het. 'n Volledige BEDANKINGSLYS sal ná afloop van al die plasings verskyn. Die volledige reeks sal ook in e-boekformaat beskikbaar gestel word. Vir julle wat egter nie tot dan kan wag nie: Kry jou KAMMANUUS!

OOSPRONKLIKE ESMÉ EN JAN RESEPTE #1

GEKOOKTE MOSTERD

4 e mosterd

8 e suiker

1 k asyn

4 eiers

2 t maizena / meelblom

½ t sout

Meng droë bestanddele deeglik.

Voeg geklitste eiers by en dan die asyn

Gooi in dubbelkoker-pot, roer oor die kokende water tot dik en gaar.

Bottel in Purity-botteltjies, dit maak ook mooi geskenkies!

KORING- EN KAASGEREG

2 eiers

2 ½ k gaar koring

1 k gerasperde kaas

Sout en knippie rooipeper

1 k melk

2 e margarien

2 e meelblom

Maak witsous van meel, melk, margarien en geurmiddels, voeg kaas en koring by.

Bak vir 30 minute.

Groetnis

Retha

Besoek gerus Retha se werf op

<http://www.onsdorp.com/somaakmens/>



Ons onthou vir Fanus

Fanus (Flink uit die Vere) Rautenbach is onlangs oorlede.

Oor die jare is baie ietwat rowwe grappies met die oorvertel aan Fanus toegedig – dalk was dit waar, of dalk wou die verteller homself net beskerm teen kritiek. Baie van julle sal onthou dat Fanus dikwels die eerste helfte van die grap vertel en dan 'n plaat gespeel het voordat hy met die trefsin laat waai het.

'n Koerantleser het die volgende grappie onthou:

"Daar het vandeeweek 'n nuwe sekretaresse by ons kom werk. Haar naam is Koekie Hall."

PLAAT

"As sy buk, sien 'n mens haar naam en haar van."

• **Kammanuus-lesers kan gerus laat weet wat hulle van Fanus onthou.**

Skryf aan pos@onsdorp.com

STAMBOOM

Waar pas jy in?

Gaan gerus na *Onsdorp* www.onsdorp.com/stamboom

Jy sal die wagwoord *boomstam* moet gebruik om toegang te verkry.

BESTER ymn@adelphia.net

France Johannes gebore 5 Oktober 1905, Oivendraai, Groot Marico. Hy was getroud met Johanna Elizabeth Fourie gebore 24 Desember 1907. Hulle is getroud op 20 November 1926 te Gabarone, Betsjoeanaland. Albei gewoon en oorlede te Lichtenburg. Ek is op soek na albei se ouers en groot ouers.

ENGELBRECHT theo@slingshot.co.nz

Ek wil graag meer weet van my familie (Engelbrecht) wat van Spruitfontein/Marikana afkomstig is. My oupa wat voor my geboorte oorlede is, was Mattheus Theodorus. Van die ander familie se name is Pieter/Petrus Jakobus, Willem Izak. My pa is Willie en bly naby Patatdraai en sy broers is Pieter, Tewie en Stoffel en sussies is Bella en Nelie. My ouma se nooieinsvan was Joubert

NEL ymn@adelphia.net

Op 13 Mei 1959 verskyn daar 'n berig in *Die Kerbode* oor die gouebruilof op Queenstown van Cornelius en Sannie Nel. Hulle is op 15 Maart 1909 op Cathcart getroud. Hulle boer tot 1950 op Cathcart, maar nou van Rusoord, Queenstown. Sannie was 'n nooi Lotter. Hulle het 'n seun wat in 1935 oorlede is en nog twee dogters. Ek soek na inligting oor hulle kinders, kleinkinders en agterkleinkinders asseblief.

VAN NIEKERK leonvn@tiscali.co.za

Ons sal enige inligting oor Ockert Tobias van Niekerk baie waardeer. Daar is sover bykans 13 persone met hierdie naam!

Ockert Tobias van Niekerk, oorl ongeveer 1958-1960, getroud met Johanna Maria Dorey.

Alhoewel hy by Ohrigstad, Lydenburg geboer het, is hy verwant aan die van Niekerk's van Carolina se distrik. Hoe weet ons nog nie. Ons weet ook nie wie sy broers, susters of ouers was nie. Enige inligting sal baie waardeer word! Asseblief?

NOG STAMBOOM AGTERAAN AGTEROS.

MAXINE



'n Man is iemand wat voorgee hy het die hele huis skoongemaak nadat hy die vullis uitgesit het.

Unieke eetervaring?


Restaurantbesoekers in China stroom na 'n nuwe eetplek met 'n toilet-tema, waar hulle op toiletsitplekke sit en eet.

Urinale hang as versiering teen die mure en van die topdisse is "ontlasting-roomys", "toiletbak warmpotjie" en "gebraaide poefstokkies."

Die eienaar sê sy eetplek is verrassend gewild onder veral studente.

"Ongewone kombinasies kan werk. 'n Toilet en 'n restaurant is totale teenoorgesteldes, maar saam gee dit 'n unieke eetervaring," het hy aan ananova.com gesê.

Een van die gereelde eters het gesê hy het die plek die eerste keer besoek, menende dis 'n toilet, maar dat hy aangenaam verras was.



Die Darwin-pryse word jaarliks toegeken aan mense wat hulself op die vreemdste manier uit die genepoel verwyder het.

Die nominasies vir 2010 is:

Nommer 3 (*Hickory Daily Record*)

Ken Charles Barger (47) het homself in Desember per ongeluk doodgeskiet. Hy is gewek deur 'n luiende telefoon langs sy bed, en het per abuis sy .38 Smith & Wesson raakgevat. Die wapen het afgegaan toe hy dit teen sy oor sit.

Nommer 4 (*UPI, Toronto*)

'n Prokureur het na sy dood geval toe hy die sterkte van die wolkekrabber se vensters aan besoekende regstudente wou demonstreer.

Hy het dit glo al voorheen gedoen en sy kollegas het gesê hy was "een van die beste en slimste" by die prokureursfirma.

STAAN BY VIR NOG!



POSKOETS

Kammanuus se lesers aan die woord

Sy smaak haar 'Boere Scope'

Retha Beekens, Bleekbeen Eiland:

More Mnr Die Burgemeester,
Jy bederf ons altyd en gereken bietjie oefening kan net die regte manier wees om die dag te begin!

Dankie vir die Kammanuus-stunning!

Ek het nou 'n 'affair' met die 'affere': As ek my Kammanuus kry dan vang ek 'n lekker bad en lees met die laptop in die kooi die 'Boere Scope' en deel dit met my dierbare man wat amper 13 jaar my senior is.

Hy geniet ook die inhoud aangesien dit uit 'n generasie kom waarvan hy nog deel voel van die leesstof en dan is ons ook patriotte in die buiteland.

Hou aan met jou goeie werk en bedank ook jou vrou wat jou al die ure beskikbaar stel om 'n verskil aan ander mense se lewens te maak!

Vandag was 'n heerlike dag in Engeland. ons woon aan die suide en reg op die strand! Wat 'n voorreg. Soms is die see so onstuimig dat ons wakker word. Ons tel ons seeninge en dankbaarheid!

(Lekker om van jou te hoor, Retha! Ons wonder net: Het jy ooit 'n Scope onder oë gehad? :-) Sien julle ander lesers nou hoe maklik is dit om 'n briefie met ons almal te deel?)

AGTEROS

John vang 'n nuwe soort vis

Deur CORINUS

(Met erkenning aan Johan Loubser vir die gegewens – denkbeeldig of waar - en aan Danie se Egafrikaanse nuusbrief.)

“Natuurlik het hy dadelik 'n kraaines. Die manne skel en raas, maar moet noodgedwonge sy lyn help ontknoop”

John word groot en oud op 'n plaas in die Loskopdam omgewing, naastenby dieselfde ouderdom as die boerseun wat later die plaas oorneem. So word hulle saam groot en oud, met John wat mettertyd 'n gewaardeerde lid van die familie word.

Hy trou nooit en bly maar so in die buitekamer van die plaashuis met verantwoordelikheid werker, nutsman en oppasser van die plaas wanneer die gesin met verlof gaan.

Uiteindelik verkoop die boer die plaas en gaan tree in Hartenbosomgewing af. John gaan natuurlik saam, want hy het nóg kind nóg kraai. As swartman wat feitlik Afrikaans grootgeword het, is dit net natuurlik dat hy aanklank met die plaaslike Kleurlinge sal vind.

As jy by die kus bly, vertel hulle hom, vang jy vis. Daarvoor het jy 'n visstok en katrol nodig. John laat hom maklik oortuig en kom by die boer met die versoek: Hy wil gaan visvang.

Die boer sien natuurlik dadelik in sy geesteog hoe John met die eerste brander van die rotse afgeslaan word en skop vas, maar John hou aan kerm. Hy wil gaan visvang.

Boer is 'n gholfspeler, nie 'n visser nie en bekla sy lot op die gholfbaan waar hy sommer gou 'n klomp vriende gemaak het. Hy sien nóg kans om John langs die viswaters te gaan oppas, nóg om hom alleen te laat gaan visvang.

Sy maat, nutsman, werker (en nou mede-afgetredene) van meer as 60 jaar gaan

sweerlikwaar in die eerste brander versuip.

Die spelers gee raad. Daar is juis daardie naweek 'n visvangkompetisie by Gouritzmond. Hoekom neem hy John nie daarheen vir sy eerste visvang oefenlopie nie? Daar gaan genoeg mense wees om te help indien John in die moeilikheid sou raak. Teensinnig stem die boer in, miskien ook omdat hy onthou dat die vorige eienaar van sy huis 'n katrol in die motorhuis gelos het. Gaan toets die ding en jou wrintiewaar, dit werk en het vislyn en 'n hoek ook nog aan.

John gaan saag sommer 'n waterloot uit die perskeboom in die agterplaas vir 'n visstok en draai gordynhakies in waardeur die vislyn moet kom. Op een of ander manier kry hy die katrol aan die perskelat vasprakseer, grawe 'n paar erdwurms uit die groetetuin en sit reeds drie-uur die Saterdagoggend voor die motorhuis en wag – slaggereed vir sy eerste visvangekspedisie.

So net voor sewe laai die boer hom by die hengelplek af met die streng vermaning dat hy hom weer stiptelik eenuur daar sal kry – heeltemal genoeg tyd om 'n rondte gholf ingepas te kry met selfs 'n biertjie of twee daarna. Vir John se hengelry sien hy nie kans nie.

Die manne staan reeds bankvas, maar wat, John wurm hom daar tussen hulle in, sit erdwurm aan die hoek (Kleurlinge het hom mooi beduie hoe) en gooi in – totaal ongesteurd deur die vuil kyke wat hy kry. Sy hoek trek sommer so dwars oor die naaste 15 manne langs hom se lyne.

Natuurlik het hy dadelik 'n kraaines. Die manne skel en raas, maar moet noodgedwonge sy lyn help ontken om self te kan aangaan met hulle eie vangpogings. Hulle verban hom egter na heel op die punt van die ry, waar daar 'n paar rotse is. Baie afgehaal, want niemand het nog ooit voorheen so met hom geraas nie, gaan John op een van die rotse sit – klaar visgevang vir die dag. Die perskelat lê sommer so half oor sy skoot en sonder dat hy dit merk, gly sy hoek, steeds met die erdwurm aan, teen die rots af in 'n sloepie tussen die rotse.

So sit John sy lot en bedink. Visvang is nie naastenby so lekker soos die plaaslike bevolking hom loop staan en wysmaak het nie. Die volgende oomblik vat 'n vis die hoek daar in die sloepie en laat loop – trek amper die perskelat van John se skoot af. Van blote skrik gryp hy daarna en in die grypery (en natuurlik heel per ongeluk) kap hy vas.

Daar staan John, al skreeuende en dansende op die rotse en maak so 'n helse lawaai dat 'n klomp van die manne alles net so los en hom te hulp snel. John gooi sommer die perskelat oor sy skouer en beur landuit. Hy wil die vis met brute geweld uit die water sleep, maar iemand keer. So help hulle hom om die vis so naby aan die kant te kry dat iemand dit met 'n skepnet kan bykom; hulle kwaadheit van vroeër skoon vergete in die gloed van John se opgewondenheid.

Dis toe sommer ook 'n mooi grote van byna 4 kilogram – geskat, want John wil van inweeg niks weet nie. Hy het 'n vis gevang en daarmee is sy dag gemaak. Pak ook sommer op en gaan wag vir die boer daar by die strand se indraai.

Toe die boer stilhou, is John dadelik by en wys hom sy trofee. Boer is natuurlik gepas beïndruk.

“Nou John, wat se soort vis is dit? Weet jy darem?” wil hy weet.

Kom die antwoord “Nee Baas, maar daai man doer anderkant roep hom 'n *blèrrie mirriekel*.”

STAMBOOM

(vervolg)

VERMAAK

fvermaak@xstratacoal.co.za

Ek is tans besig om my stamboom na te vors. Kan enige iemand my moontlik help met informasie. My oupa groot was Tobias Johannes Vermaak, gebore 20/07/1888 en hy is oorlede 1/05/1986. Hy was getroud met 'n Erasmus. Hulle het 5 kinders gehad. My oupa, Stephanus Gerhardus Vermaak, gebore 25/4/1915 - 31/1/1991 was een van die kinders. Enige hulp sal waardeer word.

Nou moet julle tot 28 Februarie wag vir die volgende KAMMANUUS